**Skriflesing:** Joh 1:1-13
**Tema:** Die lig wat die Christusfees bring.

In ‘n artikel getitel: “‘n Versorgende gemeenskap”, skrywe ds Carin van Schalkwyk die volgende: “Na 'n jaar van ontwrigting is alles in November/Desember nie dieselfde nie en voel alles nie normaal nie. Hierdie jaar is daar 'n moegheid by almal te bespeur.
Benewens die moegheid, is daar ook hartseer en bekommernis in mense se oë. Die hartseer het te make met mense wat groot verliese gely het. Heelwat families het hierdie jaar by oop grafte gestaan. As hulle nie by oop grafte gestaan het nie, het baie met angs en vrees geleef, want nog meer mense was siek en het 'n draai in intensiewe eenhede gemaak.
Te midde van die kersmusiek en die blink liggies, hang daar ‘n hartseer, ‘n donker in die lug.”

Ons wêreld is vol donker. Hierdie is 2 voorbeelde uit onlangse berigte:
**Nie-godsdienstige oplewing in die VSA**
In 2007 was die aantal Christene amper vyf-teen-een teenoor die nie gelowiges. Vandag, 14 jaar later, is die syfer nader aan twee-tot-een.
In nog ’n artikel lees ek van **die skerp toename in haatmisdaad teen Christene in Europa.**

Tog het Christus gekom as die Lig na die wêreld.

In die begin het die skepping begin met lig. God het heel eerste Lig geskep.
Ons lees in Gen 1:3-5: “3Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.
4God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.
5God het die lig toe “dag” genoem, en die donker het Hy “nag” genoem. Dit het aand
geword en dit het môre geword. Dit was die eerste dag.”
God het die lig gegee en dit was goed.

Regdeur die Ou Testament dui lig op die teenwoordigheid van God. Waar God is, is lig. Om in die lig te lewe beteken om in geloof naby aan God te lewe. Sy lig verdryf die donker en maak dat ons nie meer bang is nie.

Die tweede ding wat lig vir eerste lesers van Johannes kon beteken is dat lig die Woord van God is. Soos wat mens ‘n lamp aansteek om beter te kan sien, so is die Woord van God.
Ons lees in Ps 119:105: “U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”
Sy Woord skyn terug oor ons verlede, verlig ons hede en verhelder ons toekoms.
In Johannes word Jesus ook die Woord genoem. Dit is Hy wat God aan mense openbaar.
Deur Hom het God sy ware verlossingsboodskap aan mense gegee.

Jesus was van die begin af betrokke by die skep van lig. Hy is verder die Woord wat ‘n lig op ons pad. En dan leer ons in Johannes 1:4 Jesus ook ken as die lig vir die mense.
In “Stille Nag” sing ons van Hom:
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk
word uit liefde aan mense gelyk

Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;

tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons! Heer, gebore vir ons!

Ons sonde het God se lig uit ons lewens uitgedoof. In opstand en ongehoorsaamheid het ons gekies vir duisternis en ons rug gekeer op die lig. ‘n Donker skadu van sonde en dood het oor ons lewens geval. En hoe ons ookal probeer het om in die lig te lewe, ons pogings was omsuksesvol.

Die koms van Jesus Christus is die aanbreek van die lig in ons lewe. Sy lig skyn in en verdryf die duisternis. Ons lees in Johannes 1:4-5: “In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.”

Ons kan nie net kennis neemvan hierdie lig nie. Lig is soos ‘n geskenk. Ons kan kies om dit oop te maak en ons eie te maak of om dit nie te aanvaar nie.
Lig roep ons op tot keuse, vir of teen die Here, ons moet Hom aanneem of verwerp.
Ons lees in Johannes 1:12: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”
Vir die wat Hom aanneem is Kersfees ‘n Christusfees, ‘n fees van lig.

Maar nou is dit ook so dat daar oral liggies is wat skyn en kerse wat brand, maar na kersfees word die liggies afgeskakel en die kerse word weer doodgeblaas.
Dit is hoe die wêreld sonder Christus Kersfees vier. Tydens Kersfees beleef ons ‘n heerlike admosfeer van welwillendheid en goedhartigheid. Almal stuur vredesboodskappe vir mekaar en bewys liefde aan almal. Ons is vriendelik met mekaar.
Maar net soos die kersboom se liggies na Kersfees lyk dit asof al hierdie dade weer gebêre word. Liefde en welwillendheid word soos kersies uitgeblaas.
Ek wonder wat petroljoggies by die vulstasies langs die groot paaie ons sal vertel oor die verskil in die gesindheid van dieselfde mense wat afkom vir kersvakansie en die wat terugry huis toe?

Ons wat glo weet egter dat die lig van ons Christusfees nooit uitdoof of verflou nie. Inteendeel, die Christuslig van ons Kersfees se glans skyn elke dag al meer helder in en deur ons lewens.

Hierdie lig is nie net ‘n geskenk van God nie, dit is ook ‘n opdrag van God om sy Lig te gaan uitdeel. Ons lees van Johannes in vers 8: “Hy was self nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.”
In Matteus 5:14 en 16 staan daar: “Julle is die lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

Jesus laat sy lig vandag skyn deur ons getuienis, gebed, vriendelikheid, omgee en diensbaarheid. God gebruik ons elkeen as sy kerk om die ware lig van die Christusfees oral en vir ewig te laat skyn in die wêreld.

Daar is gelowiges vir wie hierdie Kersfees donker is. Hulle het in die jaar verby geliefdes aan die dood afgestaan, is alleen of oud. Hulle is bekommerd oor familie, finansies, werkloosheid of werkonsekerheid.
Hulle is siek, dalk met lang Covid of is aan iets verslaaf.
Hulle het afgedwaal van God. Hulle is seergemaak of het iemand seergemaak en weet nie hoe om reg te maak nie.

Geliefdes, ontvang dan opnuut God se kersgeskenk van lig aan elke mens.
Sy lig skyn in die duisternis. Sy lig skyn deur ons en die duisternis kan dit nie uitdoof nie.
Amen